Namakwa toere

# Avontuur na Panorama Roete en die Wildtuin

DAG 1: Ons vra asseblief dat almal reeds vanaf 04:30 gereed sal wees sodat ons teen 05:00 reeds in die pad kan val vanaf Town Lodge - Menlo Park. Ons beplan om die N4 roete te volg via Dullstroom & Lydenburg. Ons reis om teen die middag by Pelgrimsrus te wees. Verder reis ons deur die Panorama roete om by Graskop te oornag.
*Ingesluit: Aandete*

DAG 2: Verder deur die Panorama roete besoek ons vandag hoogte punte soos die Drie Rondawels, God's Window en Bourkes Luck in die Blyderivier. Ons roete neem ons ook deur ander dele van hierdie mooi deel van ons land voor ons buite Hoedspruit gaan oornag vir 'n aand.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Toegangsfooie ingesluit: Drie Rondawels, God's Window, Bourkes Luck*

***Let asseblief daarop dat toegangsfooie, soos aangedui onder daaglikse beskrywing, ingesluit is. Ons behou ook die reg voor om die program te verander indien nodig.***

DAG 3 & 4: Na ontbyt vertrek ons na Timbavati Safari Lodge naby die Orpen hek, waar ons vir 2 aande gaan bly. As die tyd ons toelaat gaan ons reeds die middag vir die eerste keer in die park in. Die volgende dag gaan ons ook die park verken.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Toegangsfooi ingesluit: Parkfooie*



